

Getuënis oor my belewenis van 'n Sondagoggend

Hierdie skrywe het geensins die doel om kerkpraktyke te kritiseer nie. Dit is bloot my ervaring as dominee die afgelope 26 jaar in die bediening. Ek wil spesifiek klem lê op die byeenkoms van die kerkraad in die konsistorie voor en na die erediens.

Vir jare was dit vir my maar die gebruik dat die kerkraad voor en na die erediens in die konsistorie bymekaarkom. 'n Paar ligsinnige opmerkings hier en daar, dan die "goedkeuring" van die afkondigings, 'n vinnige gebed deur iemand en dan stap die kerkraad en die dominee die kerk binne en gaan sit voor in die banke. Na die diens stap die gemeente uit en die kerkraad agtertoe, konsistorie toe. Hier word daar dalk ook weer 'n paar sake hanteer. Dan gaan die kerkraad en die dominee na buite, maar die meeste gemeentelede is klaar weg.

Vir my het die bediening, die gemeenskap van gelowiges en my kontak met gemeentelede drasties verander toe ons hierdie praktyk beëindig het. Wat gebeur nou by ons gemeente op 'n Sondag? Ek staan op die trappe voor die kerk saam met kerkradslede en gemeentelede wie se gawe dit is om mense te verwelkom. (Geen verpligting nie.) (Die gebedsgroep vergader in die gebedskamer waar daar vir die erediens gebid word)

Byna 90% van die mense wat die erediens bywoon word deur my persoonlik gegroet. (Die ander kom laat of gaan by 'n sydeur in.) Sommige word gelukkig met iets soos 'n verjaardag of een of ander prestasie. Selfs 'n grappie of twee word gemaak. Die klem lê op: *jy wat vanoggend hier die erediens kom bywoon is vir ons belangrik. Dis vir ons lekker om jou hier te ontvang. Jy is een van ons.*

Die reaksie wat ek die afgelope jare ontvang het, is oorweldigend. Hierdie persoonlike kontak, al is dit net 'n handdruk, is ongelooflik belangrik vir ons lidmate. Besoekers ervaar 'n warmte, 'n vriendelike atmosfeer.

Ons ontvang reaksies soos:

"Hier word feesgevier".

"Hier is daar warmte en omgee."

"Dis so lekker by julle!"

Soos ek reeds gesê het. Hierdie is net my persoonlike getuënis en ek wil dit nooit weer anders hê nie.

Robbie du Toit
Estoire